Prof. Eltie Links, lektor aan die Bestuurskool van die Universiteit van Stellenbosch, is voorsitter van die direksie van Mot Suid-Afrika en die *Idols*-ster Sasha-Lee Davids is 'n ambassadeur vir dié organisasie. I FOTO: TARYN CARR

Wys jy's moedig en gryp kanse – Sasha-Lee

MARLENE MALAN IN BELLVILLE
mmalan@rapport.co.za

Hy gesels lank, ernstig en rustig oor drome en rolmodelle, lewensvaardighede en uitstyg. En om te lewe, werklik te lewe.

Prof. Eltie Links is hoogleraar in buitelandse ekonomie aan die Bestuurskool van die Universiteit van Stellenbosch. En so innemend as wat Links is, so onverbiddelik is hy oor basiese lewensbeginsels. Soos om te fokus en aan te hou, die regte keuses te maak. Om te presteer, "ondanks . . .".

Dis dié ferm lewensuitkyk wat gemaak het dat Links die taak aanvaar het as voorsitter van die direksie van die organisasie Mot (Noorweegs vir "moed") in Suid-Afrika. Dié organisasie wil studente van al ses Wes-Kaapse Kolleges vir Verdere Onderrig en Opleiding (VOO-kolleges) lewensvaardighede inskerp.

Dis 'n lewensfilosofie, verduidelik Links – een van uitdagings en geleenthede aangryp; van omgee, nie net vir ander nie, maar vir jouself. "Om die goeie en talentvolle éérs in jouself te versterk, dan in ander."

Die Mot-program is twaalf jaar gelede in Noorweë begin om 'n positiewe ingesteldheid by dié land se jeug in te skerp. Vaardighede word ontwikkel vir kommunikasie, besluitneming, leierskap en skeppende denke. Sedertdien het dit wêreldwyd posgevat; in Oktober verlede jaar ook in Suid-Afrika.

Vier maande gelede het die *Idols* 2009-ster Sasha-Lee Davids ingestem om die "gesig" van Mot Suid-Afrika te wees en sy staan nou as Mot-ambassadeur bekend.

Davids sê die beginsels van doelgerigte keuses, soos om "nee" te sê vir negatiewe groepsdruk en "ja" te sê vir geleenthede wat na jou kant toe kom, is ook háár lewensingesteldheid.

"Ná *Idols* wou ek graag by 'n groep of vereniging inskakel waarmee ek kon assosieer. Mot se beginsels is ook myne, en ek voel ek kan 'n positiewe boodskap aan jongmense oordra."

Jong mense dink altyd rolmodelle moet bekendes of presteerders wees, maar elkeen van ons kan 'n rolmodel wees.

– PROF. ELTIE LINKS, VOORSITTER VAN MOT SUID-AFRIKA

Idols het haar geleer om in haarself te glo. Toe die deurmekaarspul met die aanwysing van die wenner haar getref het, moes sy in haarself na basiese waarhede soek. "Soos om rustig te wees, al gebeur wát. 'n Mens kan nie altyd bepaal wat met jou gebeur nie; wel hoe jy dit hanteer."

Links se grootwordjare is ver verwyder van die lewe van die akademie waarin hy hom bevind.

Van sy arm grootwordjare, as een van twaalf kinders, het Links uitgestyg tot professor, direkteur van agt maatskappye en voorsitter van die Iziko-museumraad.

"Ons gesin het swaar gehad. My ouers was eenvoudige mense. Maar ek het myself die voorreg gegun om te lewe. Die lewe is nie 'n vanselfsprekendheid nie.

"Vir 'n samelewing wat vorentoe wil beweeg, moet jy opstaan vir jouself en omgee vir ander. Om dit te doen, moet jy moed hê.

"Ons jeug is verward, want daar is 'n klomp verkeerde rolmodelle in ons samelewing. Jong mense dink altyd rolmodelle moet bekendes of presteerders wees, maar elkeen van ons kan 'n rolmodel wees. Jy is een wanneer jy die beste uit doodgewone of slegte omstandighede kan maak."